Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek
Borgward Club of South Africa, Southern Region

Februarie 2026

Borgward Nuus / News

VOORWOORD

Die afgelope George motorskou was weereens ‘n reuse sukses en ons was goed verteenwoordig danksy ons lede in die Suidkaap wat geen moeite ontsien het nie om hulle pragtige verskeidenheid van Lloyds, Goliath, Hansas, Isabella Sedans, Coupes en ‘n Stasiewa (Combi) ten toon te stel. Ons stalletjie was voltyds beman en daar was voortdurend interaksie met die publiek. So tussen ons gesels deur luister ek altyd met een oor na die opmerkings wat lede van die publiek teenoor mekaar maak oor ons motors. Dit is gewoonlik iets soos “ Pragtige motors”, “my pa het ook ‘n Borgward gery”, ens. Een opmerking wat my behoorlik getref het, het gekom van ‘n ouerige manspersoon wat duidelik Borgward geken het in sy jonger dae. Hy sê toe vir die persoon by hom: “Hierdie karre het nooit gebreek nie”. ‘n Opregte getuigskrif. Dit sê vir my alles oor die kwaliteit van Borgward se vakmanskap en die persepsie wat dit by die publiek ingeboesem het. Amanda berig meer volledig oor die skou, tesame met ‘n paar fotos, elders in hierdie uitgawe.

Ons berig ook kortliks oor byeenkomstes gedurende die afgelope kwartaal en plaas ook ons uitgewerkte program vir die res van die jaar. Druk dit asseblief uit en plaas teen die yskas vir maklike verwysing. Neem asseblief kennis dat dit geensins verpligtend is om uitstappies met ‘n Borgward by te woon nie, veral as dit sou reën tydens ‘n beplande uitstappie, dan kan lede kies om met hulle gewone motors ry.

Van my kant af ook hartlik welkom aan al ons nuwe lede wat onlangs by ons aangesluit het, en vir die wat besig is met restourasies, hou ons asseblief op hoogte met julle vordering.

Dankie Des en Hendrik vir julle interresante geskiedenis met Borgward.
Ander lede kan gerus julle voorbeeld volg en ook hulle stories met ons deel, want iewers in elke Borgward lid se lewe is die Borgward saaitjie geplant en ons wil graag hoor hoe het dit met jou gebeur.
Ons sien uit daarna.

Louis

INDEKS/INDEX:

Voorwoord 1

Jaarprogram & Welkom aan nuwe lede 2

Pizza-aand 3

My herinnering & So terloops 4

Kersgeskenke Des. 1952 5

Tumour Hall - 18 Jan. 2026 6

Van **Na** *7 - 9*

Uit die argiewe 10

My toetrede tot Borgward 11 - 14

Borgwards blink in die reën 15 - 18

Tipies & Gedig 19

George Skou 20 – 21

Meelewing 22

Om oor na te dink& Stof tot nadenke 23

Jaarprogram vir 2026

Die komitee het Dinsdagaand 3 Februarie vergader om te beplan vir die jaar se aktiwiteite. Die eerste 3 aktiwiteite het reeds plaasgevind maar word volledigheidshalwe tog gelys. Die aktiwiteite en datums is nie in beton gegiet nie en sou kon verander. Lede sal betyds in kennis gestel word. Nou kan ons almal al ons ander aktiwiteite rondom hierdie datums beplan. Meer inligting oor elke aktiwiteit sal nader aan die betrokke datum op die W/App groep deurgegee word.

Kees Beekman

Datum:	Tyd:	Aktiwiteit:	Plek:
18.01.2026	07 h 30	Timour Hall Motorskou	Plumstead
24.01.2026	18 h 30	Afskop Pizza Aand	Louis en Rina
17.02.2026	19 h 30	Vergadering	Louis en Rina
15.03.2026	08 h 00	Century City Classic Car Run	Century City
22.03.2026	15 h 00	“High Tea” by Kees	Kenridge
12.04.2026	10 h 00	Groot verrassing!!	Philadelphia
17.05.2026	08 h 00	Uitstappie Genadendal	Greyton
21 - 24.05.2026		Tweejaarlikse Borgward Saamtrek	Orania
07.06.2026	11 h 00	Klub verjaar - Spitbraai	Klubhuis - Parow
11.07.2026	19 h 00	Sopaand	Louis en Rina
11.08.2026	19 h 30	Jaarvergadering	Klubhuis - Parow
26.09.2026	09 h 00	Landbouskou	Malmesbury
11.10.2026	09 h 00	Kuier by Agarob	Piketberg
22.11.2026	09 h 00	Jaareinde ete	Swellendam
As ons al hierdie aktiwiteite heelhartig ondersteun, kan ons in Desember terugkyk op 'n vrugbare jaar.			

Welkom aan nuwe lede

Sedert ons laas in die Augustus 2025 nuusbrief vyf nuwe lede verwelkom het, het ons die voorreg om weer 2 nuwe lede te verwelkom — altyd ‘n heuglike gebeurtenis! Die eerste lid is Jacques Brand van Grotto Bay met ‘n Coupè, en die ander nuwe lid is Christiaan Kühn, ‘n 15 jarige skolier van Groot Brakrivier, met ‘n Kombie. Ek wonder of dit die jongste lid is wat die klub nog ooit gehad het! Ons is bly dat julle by die klub aangesluit het en ons hoop dit word ‘n lang en gelukkige verbintenis. Ons vertrou dat julle lidmaatskap sal help om julle Borgwards tot sy volle potensiaal te geniet. Ons het reeds die vorige 2 nuusbriewe vir julle gestuur, en julle sal voor die einde van Februarie die nuutste uitgawe ontvang.

Kees Beekman

Pizza-aand 24 Januarie 2026

Soos dit nou al die gewoonte is, het ons hierdie jaar weer afgeskop met n pizza aand. ‘n Afskop is n rede vir bymekaarkom, lekker eet en gesels. Die bymekaarkom na die kersvakansie se stilte is net die regte ding. Ek hou van daardie oondjie van Louis. Dit lyk vir my hy moet net bietjie “gemanage” word, en die resultaat is elke keer tops. Louis het geleer om te deligeer. Met Rina wat self die deeg knie, en dogter Marzaan en skoonseun Francois wat die res doen, word alles raakgevat. Dankie Louis, Rina en kinders vir n heerlike 2026 afskop. Ons 11 gaste het die lapa volgesit, lang stories gepraat en lekker geëet.
Tot n volgende keer.

Groete,

Dolf

Ons ywerige Pizza span, Marzaan en Francois

"My herinnering aan ons eerste Borgward"

Deur Des Bosch

Ek was amper 9 jaar oud toe my Pa (Ronnie) een Vrydagmiddag vroeg in 1956 met ń splinternuwe " beige" (biscuit?) kleurige "Hansa 1500" met groen bekleedsel by ons huis in Benoni aankom. Die Isabella is met naweekbagasie gepak en met my tussen my ouers op die voorste banksitplek en my drie broers op die agtersitplek vertrek ons toe na Welkom om by my Pa se broer- hulle te gaan kuier vir die naweek. Omtrent halfpad Welkom toe beland ons midde in 'n hewige donderstorm met kwaai hael, en ons vrees vir lelike skade aan ons eerste splinternuwe en mooie Borgward! Maar....die toets is deurstaan....en nie 'n enkele duikie nie! Bewys van die uitstekende bougehalte van die beste motor van sy tyd...indien nie van alle tye nie! 😉

Die Hansa 1500 is vier jaar later met nét duskant 100 000 moeitevrye myle, ingeruil op 'n splinternuwe "Aeroblau" 1960 Borgward Isabella "TS" met rooi en wit bekleedsel...die mooiste motor!...en die reuk van die nuwe enjin en die binneruim bly my by tot vandag toe! So 85 000 moeitevrye myle later, in 1963, en in die nadraai van Borgward se tragiese einde, het ons geliefde "TS" toe plek gemaak vir ń nuwe M'Benz 220S.

Maar, 15 jaar later, lei die hunkering na hierdie onvergeetlike en fantastiese motors vir my en my Pa in 1978 na ń pragtige, oorspronklike1960 Borgward Isabella TS vir my (Aeroblau, met grys en wit bekleedsel), en ń 1959 projek Isabella Coupé vir my Pa, en ons koop hulle toe by ń Predikant wat vir smousdoeleindes die B'Wards aangeskaf het.

En só lei ons paaie na die Legendariese Herman Engelbrecht...toe stigterslid en voorsitter van die eertydse "Borgwardklub van die Vrystaat." My Pa se Coupé is met groot presisie en liefdevolle aandag....ook met die waardevolle hulp van Herman, asook 'n vorige Borgward-handelaar van Makokskraal, geheel en al weer opgebou en herstel tot sy eertydse glorie!

En....die res is geskiedenis!!!

Borgwardgroete, Des

So terloops

Ons wat so met die ou karre deurmekaar is, is maar geneig om te praat van ‘n vintage of ‘n classic kar, afhangende van die ouderdom. Dit is natuurlik totaal onaanvaarbaar vir enige taalpuris. Motors ouer as 45 jaar, word beskou as antieke motors, (ook soms Noag-karre) en motors van 20 – 45 jaar oud word klassieke motors genoem. Ek beskou my 2005 model Corsa bakkie darem nog nie as ‘n klassieke voertuig nie! Enige ouer wordende voertuig se status gaan natuurlik een of ander tyd oor van klassiek na antiek. Ek het onlangs ‘n artikel oor ou motors gelees, en daar word van die ou motors gepraat as adelmotors. Wat ‘n mooi beskrywende naam vir ‘n motor wat al baie “somers agter die kattebak” het! Neem nou maar ons mooi adellike Borgwards as voorbeeld— ‘n Mens kan nie help om nostalgies te raak nie!!

Kees Beekman

Kersgeskenke, Desember 1952

Dit is KERSFEES, 25 Desember 1952, in die Borgward Huishouding**:**

Die twee Borgwardseuns, Claus (14) en Peter (15) het albei reeds hul Klas 4 rybewyse verkry, waarmee hul vanaf 1 Desember 1952 motorfietse sowel as motorvoertuie met enjins van maksimum 250 kubieke sentimeter kon bestuur. Hul het met verwagting uitgesien na die Kersfees van 1952. Groot was hul ontnugtering toe daar geen motorsleutels of motor onder die kersboom was nie. Na die kersete vra Vader Borgward hulle om hom in die waenhuis te kom help. Peter onthou later jare dat Claus beswaar gemaak het omdat hy weens 'n besering 'n korset moes dra en dus nie toegelaat was om enige swaar voorwerpe op te tel nie. Eers toe hy sy broer se vreugdekrete vanuit die waenhuis hoor, het hy uit sy stoel opgespring, blitssnel na die waenhuis gehardloop, waar hy verbaasd oopmond bly staan het: Daar staan twee pragtige klein weergawes van die Hansa 1500 Le Mans koepee in glansende aluminium, klein kunswerke, onder streng geheimhouding by die Goliathwerke deur Johannes Rudy van Delmenhorst voltooi.

CFW Borgward en sy seuns Claus (l) en Peter (r)

Die unieke kersgeskenke vir die Borgward broers.

Onwillekeurig wonder mens wat van hierdie unieke motortjies geword het. Bloot danksy hul besondere geskiedenis, sal hul vandag 'n aardige bedrag werd wees. Dink net watter opskudding dié motortjies by 'n Borgward saamtrek sou veroorsaak! Navraag was ongelukkig onsuksesvol.

Die oorspronklike Hansa 1500 Le Mans. (Breinkind van Walter Dziggel, Hoofingenieur van Passasiersmotor-afdeling).

Met dank aan Hendrik Strydom

Timour Hall Plumstead - Sondag 18 Januarie 2026:

Ek en Lizbe vertrek om 06:30 vanaf Malmesbury om vir Louis en John by die Klubhuis te kry, sodat ons saam na Plumstead kan ry. Om 07:15 vertrek ons vanaf die Klubhuis. Toegang tot ons parkeerplek verloop vlot. Ons parkeer by Land Rovers, Renaults, Chevs, Fords, Mercedes en nog vele meer. ‘n Ware mengelmoes van fabrikate. John handig die nodige dokumente by die organiseerders in.

Gelukkig is dit ‘n heerlike koel bewolkte dag en ons het ook koeltebome gehad indien die son sy kop sou uitsteek. Ons kry vir ons koffie en sit by die Borgwards, sodat ons die talle nuuskierige skougangers se vrae kan beantwoord. Ek was verbaas oor hoeveel mense uitgevra het in verband met die Borgwards. Party sê dat dit die eerste keer is dat hulle sulke motors sien.Daar het ook ‘n 90 jarige man na ons toe gekom en baie staaltjies en stories vertel. Wys net, dat as ou motors in jou bloed is, dan bly dit daar. Daar was verskeie kosstalletjies wat bykans alles aangebied het om te eet. Ek en Lizbe het selfs die pannekoek probeer – nogal heerlik.

Die skou reëlings was goed volgens my, niks het kortgekom nie. Tot laat die middag het daar nog steeds besoekers aangekom. Die miniatuur stoomenjin het baie aandag getrek, want daar was gedurig mense. Na 4 uur die middag het ons gegroet en in die pad geval huistoe. Nog ‘n lekker dag gespandeer met Borgward vriende. Ons is baie bly dat ons kon deel wees van die 2026 Plumstead skou. Ek is seker dat die Borgwards heelwat mense se aandag getrek het.

Borgward groete

Deon & Lizbe

Van

Na

Op 2 Julie 2025 het ons vir die eerste keer op die Borgward Whats-App groep kennis gemaak met Marcus Hugo en sy "kind", kleinmarcus, 'n 1958 Lloyd. Marcus en sy gesin het in Pretoria gewoon, maar bly die afgelope 3 jaar in St. Helenabaai. In 2016 het hy die Lloyd in Pretoria gesien in die toestand soos op die foto in die opskrif. Hy het ongeveer 5 jaar agter die kar gelê om hom te koop, en uiteindelik het die man in 2021 ingewillig om die kar te verkoop – hulle sê mos aanhouer wen! Voor hulle toe na St. Helenabaai verhuis het, het hy eers die hele onderstel laat "rubberize" om te keer dat hy verder roes.

In April 2025 het hy in alle erns met die restourasieprojek begin. Aanvanklik het niks hom gejaag nie en kon hy dit kalm vat, totdat ..... totdat sy dogter hom begin Oktober begin aanjaag het!! Hoe dan so? Sy dogter se troudatum is 16 Desember, en sy het skielik die potensiaal van die klein parmant as troukar raakgesien. Sy moes en sou met hòm trou! Ja, sy het natuurlik met haar man getrou, maar jy weet wat ek bedoel! Skielik was dit vir Marcus "holle, vliege, drave", m.a.w. 'n wedloop teen tyd!!

Die res van die berig is, met Marcus se toestemming, 'n opsomming van al die Whats-Apps in

datum volgorde, met fotos, wat hy op die Borgward Whats-App groep geplaas het. Dit wys duidelik hoe die restourasieprojek gevorder het.

Goeiedag al die Borgward Ystermanne, ek kom in Vrede en is bevoorreg om deel te wees van 'n baie spesiale groep met besonderse Borgward manne. My naam is Marcus en my 1958 Lloyd 600 se naam is kleinmurcus. Ek dink hy is ook verlangs familie van Borgward. Daar is nog baie werk, verdra ons asb met dom vrae ens. Die pad is nog lank na herstel. Geseënde dag. Liefdegroete Marcus

Ek verneem graag van al die Borgward Ystermanne is daar nie miskien iemand op die aardbol wat kan help met 4 wieldoppe op 'n Alexander Lloyd 600 asb. Ek het 4 Cortina wieldoppe in die oog by Oom Boet in Calvinia as laaste opsie. Geseënde aand, groete Marcus.

Goeie middag al die Trotse Borgward Ooms en Tannies ,dankie vir al die uitnodigings van die jaar , julle is n' klomp besonderse Familie mense. Ek haak vas op n Paar goeters van my restourasie en vat maar ‘n kans by julle. Het iemand dalkies so ‘n wapen voor op die buffer van die Lloyd 600 asb. Groete Marcus.

Middag al die jong manne met die ou karre, baie dankie vir die gelukwense, ek waardeer dit opreg en is nou regtig lus vir die 60’s. Ek en my Lloyd hou mekaar besig, ek is besig om inmekaar te sit, te verf en om alles te pamperlang, ek wil graag die kar gebruik as troukar vir my dogter en hoop ek sal betyds klaar wees voor 16 Des. Geseënde dag. Liefdegroete, Marcus Lloyd.

Ek en Lloyd + vroulief en sitkamer = ware liefde. Groete Marcus.

Stadig, maar seker. Dankie Dirk vir hulp.

Daar start Marcus se troukar.

Ons, ek en Lloyd is reg vir môre se troue.

Kees Beekman

Uit die argiewe

Toe ek onlangs deur ou nuusbriewe gaan, het ek in die **Feb. 1986 nuusbrief** (presies 40 jaar gelede) op 2 interessante berigte afgekom. Ons plaas hulle net soos hulle toe verskyn het.

Toespraak deur Klaus Walter van die Borgwardklub van Duitsland tydens die onlangse Multiklub byeenkoms by Tokai

"MENEER die Voorsitter, Geagte Borgward, Goliath en Lloyd vriende, Dames en Here. Ek bedank u van harte vir u baie vriendelike uitnodiging na hierdie byeenkoms wat ek terdeë geniet en vir my 'n besondere eer is.

Seker min mense sou geglo het dat 25 jaar nadat die Borgward fabrieke hul deure gesluit het nog so baie voertuie van hierdie legendariese fabrikaat nie net deur entoesiaste in Duitsland nie maar ook in hierdie pragtige land in ere gehou en bewaar word. As Borgward entoesias (ek besit 'n Arabella wat ek met baie moeite gerestoureer het) weet ek natuurlik van die besondere probleme met betrekking tot onderdele in Suid Afrika. Tog het u daarin geslaag om danksy 'n besondere deursettingsvermoë en toewyding hierdie soliede voertuie in 'n buitengewoon goeie toestand te herbou en te bewaar. Borgward, Goliath en Lloyd vriende vorm vandag op alle kontinente 'n groot en nou verbonde familie.

Meneer Hartmut Loges, hoof van die Borgward klub van Duitsland het my versoek om aan u Meneer die Voorsitter sowel as aan u lede namens alle lede van die Duitse klub hul hartlike groete oor te dra en aan u hierdie klein geskenkie te oorhandig. Ek wens u almal baie vreugde met ons gemeenskaplike stokperdjie en altyd 'n voorspoedige reis op die ver paaie van hierdie mooi land."

Geteken: Klaus Walter
NS. Wat sou hy nou gesê het – 65 jaar nadat die Borgward fabrieke gesluit het!

Addisionele Stoorruimte

VIR die afgelope paar jaar is die behoefte aan addisionele stoorruimte in die Kaap herhaaldelik geïdentifiseer. Dit het gelei tot talle besprekings en verskeie moontlikhede is opgevolg maar helaas, sonder sukses.
Die bestuurskomitee is egter nou baie bly om bekend te maak dat hierdie probleem opgelos is.

Mnr. C.J.P. de Villiers, woonagtig op 'n kleinhoewe op die kruising van die N1 en Old Oakweg (uitgang 10), het vir die klub 'n buitegebou met 3 kamers beskikbaar gestel vanaf Maart 1986. Bo en behalwe die feit dat die akkommodasie sentraal geleë en vogvry is, betaal die klub nie 'n sent daarvoor nie!

Ons wil graag mnr. De Villiers baie, baie dankie sê. Ons waardeer dit baie. Met die bedrywige program vir Maart wat voorlê, is die idee om gedurende April die nuwe stoorplek te betrek. Ons sal hulp benodig van ons lede vir die opruim van die plek, installering van rakke en die vervoer van onderdele. As iemand oortollige verf (wit PVA), rakke (hout en staal) het, moet hulle asseblief van hulle laat hoor. Ons beplan 'n werkdag vir Saterdag 12 April. Sien julle daar!

Graham Davies

My toetrede tot die Borgward-broederskap

Die hergeboorte van balhorige Bella Bliksem

My affair met Isabella het begin in 1958 tydens ’n skooltoer deur die Transkei in Kokstad toe haar bekoorlike koepeelyfie my oog getref en sy my onmiddellik betower het waar sy tussen oorgewig Amerikaanse gevaartes met oordadige chroom, vinne en vlerke gepryk het. Haar trefkrag was die tikkie deftigheid, skoonheid van lyn, haar individualiteit en karakter. Die vloeiende stilering, perfekte elegante verhoudings en afwesigheid van oordadige detailering het dadelik ’n emosionele uitwerking op my gehad, ’n fisieke reaksie wat in betraande oë geëindig en my met ’n hand-voor-die-mond-oorbluftheid gelaat het. Dit was ’n geval van dolle verliefdheid met die eerste oogopslag. Die blote gedagte dat die gevoel dalk nie wedersyds was en ek haar nooit my eie sou kon maak nie, was te verskriklik om te oorweeg. Die aanvanklike aantrekkingskrag het gebloei tot ’n hart-en-siel-affair wat sou uitloop in algehele bewondering en ’n folterende begeerte.

Soos dit egter maar met vakansie-romanses gaan, was dit ’n geval van uit die oog uit die hart. Eers jare later is die verhouding met die Bremense nooi hervat. Tydens bywoning van Cars in the Park in Pretoria in 1996 dwaal my oë onwillekeurig na die eksklusiewe mooi koepees, veral die pragstuk van Al Norton se rooi en wit koepee. Ons ontmoet die destydse sekretaris, Rodney van Niekerk, en sy vrou, Felicity, en sonder om ’n Borgward te besit, skryf ek summier in as lid van die Borgwardklub. Op die terugreis ontmoet ons ook vir Job van Staden, die Borgward-foendi van Bloemfontein. Voorwaar ’n aangename klomp Borgwardvriende.

Ons eerste Gariepsaamtrek in 1996 moes ons maar in die pas gerestoureerde GSM Flamingo bywoon. Daar, met soveel pragtige koepees, raak my vrou, Martie, ook verlief op Isabella en my ou jeugliefde vlam weer op. ’n Naarstige soektog word landwyd op tou gesit na ’n geskikte koepee, maar helaas, was die oes maar skraal. Uiteindelik hoor ons Isabella woon nou in Durban. Die eienaar het ná demontering belangstelling verloor. Oor die telefoon klink alles heel romanties. Opgewonde vertrek ons met twee bakkies en sleepwaens soontoe. Daar gekom, vind ons net ’n rommeltrommel! Alles is uitmekaargehaal. Hope onderdele lê ongesorteer en sonder etikette rond tussen blikke met boutjies, moertjies, wassers en skroewe. ’n Ongeliefde Bella lê aan flarde.

Somtyds oorheers jou hart jou verstand. Ek was in ’n tweestryd gewikkel en beleef ’n penarie. Vir ’n rukkie probeer ek myself oortuig dat die aankoop van Bella dwaas sou wees, maar deur die rosige bril van verliefdheid en entoesiasme skrik dit my glad nie af nie. Hoe meer ek kyk, hoe meer hou ek van haar. Die ondersoek saam met kundige vriende bewaarheid my grootste vrese. Met reuse-toewyding en harde werk sou Bella weer ’n pragstuk kon word en ek moes haar eenvoudig koop. Aldus gedoem, is ek tot aksie gedwing. Uitgelate in die vooruitsig van eienaarskap verlustig my oë hulle aan haar skoonheid en elegansie. Tevore het ek ’n gelukkige monogame Ford-motorverhouding gehandhaaf, maar nou het dit oorgegaan in ’n poligame motorverbintenis.

Tuis gekom word alles in ’n skuur gebêre. Toe begin stelselmatige sortering. Ná vervaging van die aanvanklike uitbundige opgewondenheid en sonder enige kennis of ondervinding

van Borgward, tref die koue werklikheid soos ’n donderslag: Ek het meer afgebyt as wat ek kan kou! So begin ’n jarelange restourasie-riller. Het ’n vorige eienaar Bella dalk verwens? Want elke klein takie word ’n nagmerrie! Is Bella ’n *femme fatale* en nie die hartsnooi en trouvrou wat ek gedink het nie? Te verpletterend om eers te oorweeg!

Met mede-petrolverslaafde se hulp is haar bakwerk dadelik tot op die metaal afgeskuur om enige teken van roes wat moontlik tydens haar seeverblyf opgedoen is, te verwyder en sodoende vas te stel presies wat vir ons voorlê. Nadat die bakwerk gespuitverf is, word my vriend ernstig siek en my beroepsverpligtinge vermeerder sodanig dat alles vir ’n aantal jare tot stilstand gedwing word. Falko Nowack het intussen die voor- en agtersuspensie, remme, ratkas en enjin herbou.

Vir ’n aantal jare het Bella maar verlate sonder enige aandag gestaan en die droom het mettertyd net ’n vae fantasie geword. Toe Johan Bruce die soveelste keer hoor dat ek nie met ’n Borgward by die saamtrek is nie, het sy dreigement “As jy weer hier aankom sonder ’n Borgward, dan donder ek jou !” die gewenste uitwerking gehad. Ek het opnuut besef dat Bella te kosbaar en skaars is om te staan en vergaan. Dis immers deel van ons erfenis, geskiedenis en kultuur en moet bewaar word. Bewaring is immers die edele doel van elke oumotor-entoesias. Hoe onrusbarend is die neiging om ou motors bloot om hul monetêre waarde te beoordeel of nog erger, om hulle vir vinnige finansiële voordeel aan oorsese versamelaars te verkoop. Dit beroof ons land van waardevolle voorbeelde van sy trotse en dikwels unieke motorerfenis - amper so erg soos die sloping van ’n ou Kaaps-Hollandse bouwerk.

Die noodlot kan sekerlik goedhartig wees, want redding het opgedaag. Bella se redder was ’n vriendelike, behulpsame motorliefhebber. Om die waarheid te sê, hy is die rede waarom Bella weer op die pad is. Hy is ’n ou jeugvriend wat vir geen uitdaging terugdeins nie. Sonder om die heuningkwas te kwistig te gebruik, moet ek sy eindelose geduld, vindingrykheid, meganiese insig, deursettingsvermoë, vernuf, behendigheid en vervaardigingsvermoë besing. Geen probleem, en daar was legio, is ooit vir hom te veel nie. Sonder Japie van Rooyen se onmisbare bydrae tot Bella se hergeboorte sou sy nooit weer die Suid-Afrikaanse paaie aangedurf het nie. Was ek rektor van ’n Tegniese Instituut, het ek ’n ere-doktorsgraad in Meganika aan hom toegeken. Ook Graham Davies se ensiklopediese kennis, breë ondervinding en praktiese raad het dikwels, wanneer ek op moedverloor se vlakte was, die situasie gered.

Omdat ons byna 600 km van mekaar woon, kon die restourasie nie as enkele deurlopende proses deurgevoer word nie. Ons uiteenlopende programme moes gesinchroniseer word. Dan volg ’n werksessie van so twee weke. Ná drie sessies was die enjin, ratkas, ewenaar, rem-, brandstof-, elektriese, veer- en uitlaatstelsel en bakwerk reeds voltooi. Tallose kopkrapprobleme is ondervind met laers, klepstootstange, brandstoftenk, vergasser, bedrading, stuurkolom en sleutels en ontbrekende onderdele.

Die hoogtepunt was toe die enjin vir die eerste keer aangeskakel is. Ek het ’n reeks hoendervel-emosies en talle klein hartaandoenings ervaar by die aanhoor van die pragtige meganiese simfonie - en dadelik aan Neil Diamond se *Beautiful Noise* gedink. ’n Hele gehoor het vir dié harmoniese uitvoering opgedaag. **Bella ry op eie krag!**

Tydens die volgende twee sessies het die bekleedsel, ruite, houtbeskot en finale afronding aan die beurt gekom. Uiteindelik het die fantasie werklikheid geword, die metamorfose is voltooi en die balhorige Bella Bliksem ontpop in ’n hartsnooi. Hoewel ek deur navorsing ’n reeks oorspronklike Borgward-kleure kon opspoor, het ek dit nie gebruik nie. Tydens ’n middag op die strand kyk ek na ’n groot golf wat aangerol kom. Vlak voor my breek die brander en die ondergaande son skyn deur die seewater: ’n pragtige seegroen met ’n spierwit skuim-kappie. Meteens weet ek opgewonde: DIT is my Bella se kleure! So is die **begeerlike Bella Bakgat** herbore met ’n pragtige metaal-turkoois bak en pêrelwit dak. Nou moet sy nog net in die padvaardigheidstoets slaag, sodat sy as pronkstuk geregistreer kan word! Bella word ’n permanente lid van die gesin en ’n skoolseun se byna vergete droom word ná 53 jaar bewaarheid. Ek en my lank verlore jeugliefde is uiteindelik verenig!

Niks klop die gevoel van bevrediging nadat ’n ongeliefde wrak so ’n gedaanteverandering ondergaan en as ’n blink padvaardige kopdraai-motor uit die verwaarloosde kokon tevoorskyn tree nie. Dis ’n gevoel wat mense, soos Dr Dolittle, wat nie motortaal ken nie, nooit sal begryp nie. Dit vervul ’n mens met matelose bewondering vir die manne wat die wêreld van motors so ’n fassinerende plek maak. Onthou: ’n man is ’n man en sy kar is sy trots. Nou leef die legende voort. Vir gewone mense is dit ’n luukse motor met ’n sportiewe voorkoms, maar vir motorentoesiaste is dit ’n droommotor wat hulle onthaal met ’n ervaring van padromanse, ’n fees vir die oë, ore en gevoel. Dit bring altyd ’n glimlag van plesier op jou gesig om met passie op vandag se paaie te ry met ’n motor van gister, destyds gebou deur baanbrekers!

Bella Bakgat is ’n fantastiese motor vir langafstandreise, verfyn maar tog taai genoeg om haarself gemaklik in moderne verkeer op tussenstedelike snelweë of enige ruwe stowwerige plattelandse paaie te handhaaf. Tydens die eerste proefrit is ’n padlangse draai net nie genoeg nie. ’n Dag agter die wiel word ’n hipnotiserende bestuurservaring wat vermaak met ’n glimlag-per-kilometer-faktor wat jou nie net ryk laat voel nie, maar op daardie besondere oomblik laat voel dat alles in die wêreld perfek en mooi is en dit alles net vir jou – ’n vreugde wat jou hart laat bons. Die lewe is kort, beleef ’n bietjie plesier. Die lewe is wat nóú híér gebeur. Leef bevrydend en met passie! So begin ’n perfekte dag in die lewe van ’n motorliefhebber, van ’n Borgward-entoesias!

My persoonlike dank en waardering aan Dr (Meganiese Ingenieur) Japie van Rooyen!
Bella Bakgat salueer jou!

My beminde ou skelmpie, Bella Bakgat, bo! Nou is ek werklik lid van die S.A. Borgward-broederskap.

Hendrik Strydom

Foto's

Die oomblik van liefde met die eerste oogopslag ...

Borgward Isabella op Kokstad, 1958

Bella Bakgat bevry haar kokon!

Bella Bakgat in al haar glorie

Toe kon Bella en ek werklik toetree tot die verkwiklike Borgward Broederskap!

Borgwards blink in die reën: ’n Gesellige jaarafsluiting by Rolandale

Die jaarlikse afsluiting van die Borgward-klub het onlangs plaasgevind by die bekende **Rolandale Padstal**, net buite die historiese Swellendam – die derde oudste dorp in Suid-Afrika.

Hierdie ligging is spesifiek gekies as die ideale ontmoetingspunt, aangesien dit ongeveer halfpad geleë is vir lede wat vanaf die Kaap en die Suid-Kaap gereis het.

Hoewel die hemelsluise oopgegaan het, kon die nat weer nie die geesdrif demp nie. Dit was gelukkig warm genoeg sodat almal steeds buite kon sit om die dag en die vars lug te geniet. **Rolandale** het uit hul pad gegaan om die groep te akkommodeer deur ’n spesiale area beskikbaar te stel waar die spoggerige voertuie veilig uitgestal kon word.

Die funksie is uitstekend bygewoon, met altesaam **nege Borgwards** wat die aandag getrek het en gesorg het vir ’n indrukwekkende vertoning van ingenieurswese uit ’n vergange era.

Lede het die geleentheid terdeë benut om lekker saam te kuier en staaltjies te deel oor hul gedeelde passie.

Na ’n smaaklike ete wat deur die padstal voorgesit is, het die groep met vol mae en goeie herinneringe die pad terug huistoe aangedurf. Dit was ’n waardige afsluiting vir ’n suksesvolle jaar. Baie dankie aan Japie van Rooyen en Louis van Jaarsveld vir die reëlings.

Willie van Zyl

Tipies!

Op 21 November het dit weer gebeur! ‘n Mens kan selde ongesiens met jou Borgward gaan ry. Dit het só gebeur: Omdat die Borgward op 2 November met die Killarney Motorskou laas gery het en toe met baie moeite “gevat” het, het ek besluit dit is hoog tyd dat ons weer ‘n end met hom moet ry voor die battery weer te pap raak. Hoewel hy baie stadig geswaai het, het hy wonder bo wonder tòg “gevat”. Nadat ons ‘n lekker end gery het en weer amper tuis was, besluit ons om by die Vineyard Deli ‘n koffie melkskommel te drink. Skaars gestop, of mense kom kyk, knoop ‘n praatjie aan, of sê net “nice car!” Maar een bewonderaar gaan ‘n stappie verder en vra of hy fotos mag neem. Ek gee natuurlik toestemming. Baie verbaas sien ek toe ‘n uur later op die Borgwardgroep 4 fotos van my kar by die Deli. Dit blyk toe dat die fotograaf ‘n vriend van Herbie was. Herbie wou toe weet wie se Borgward dit is en Osmond het toe laat weet dat dit myne is.

Ja-nee, dit is weer ‘n “as ons nie ..., dan ....” Berig.

Vul maar self die kolletjies in

Kees Beekman

Ons het ‘n digter in ons midde! Op pad Swellendam toe vir verlede jaar se afsluitingsete het hierdie gedig in Hendrik Strydom se gedagte opgekom.

Die Ware Motorbestuurder (seker ‘n Borgward-entoesias)

Vir sommige mense is motors net blote masjiene waarvoor hul niks voel.
Hul beskou dit net as ‘n blote Vervoer, ‘n middel tot ‘n doel.
Meer began oor die wapen voor op die neus en hoe dit blink
en talle mooi geriewe binne en hoe die liggies flikker en die klokkies klink
net om hul ydele ego’s en eie trots te streel.
Die ware bestuurders beskou dit anders en hy en die motor word een geheel.
Pak saam die reis aan met ‘n hart wat warm klop
en hou die spoedmeter met arendsoë dop.
Vir verkeermanne moet jy pasop.
Die enjin wat deur die uitlaatpyp subtiel en kragtig brom
is vir die ware bestuurder se oor ‘n volle orkes, daar is musiek in daardie grom.

GEORGE MOTORSKOU 2026

Soos altyd is die George Motorskou 'n belangrke item op die kalender van ou motor versamelaars en entoesiaste en vanjaar was geen uitsondering. Die tema hierdie jaar was "Pioneers of Motoring" en daar was modelle van die vroegste jare wat aandag getrek het.

Die Borgwards was goed verteenwoordig op die D Veld waar al die ander Duitse Fabrikate ook uitgestal was . Daar was 15 verskillende modelle Borgwards nl.

2 Lloyds; 1 Lloyd Combi; 1 Combi; 1 TS de Luxe; 1 Hansa 1500; 1 Goliath Coupe; 2 Sedans; 1 Bakkie; 5 Coupe's.

Die nuutste toevoeging tot ons uitstalling was die pragtige klein blou Lloyd, by name Tompie, uit die stal van Willie van Zyl en Japie van Rooyen Jnr.

Daar was ook 'n besonderse Mercedes op die skou waarvan glo net 4 of 5 in die wêreld is. Die motor was afgesper met wagte rondom, daar dit baie miljoene werd is. Die motor behoort aan iemand in Stellenbosch.

Vir diegene wat van trekkers en masjiene hou, was daar 'n dorsmasjien wat 'n demonstrasie gedoen het. Hierdie masjien is tydens die skou deur 'n boer aan die Suid-Kaap Trekkerklub oorhandig vir veilige bewaring in die toekoms.

Die George Motorskou is altyd baie goed georganiseerd. Kosstalletjies was goed verspreid en oor die hele terrein was genoeg voorsiening gemaak vir sitplekke onder skadu. Alhoewel die velde bietjie nat was van die welkome reën die vorige dae, was dit 'n heerlike dag waar ou vriende en kennisse kon ontmoet.

Ek wil graag vir Willie en Japie Jnr gelukwens met 'n puik skou wat die Suid-Kaap Oumotorklub gereël het. Jul komitee is puik en ons is trots dat ons sulke raakvatters in ons klub het.

ZBPG16 GP

BORGWARD

BORGWARD
CA 8030

CJ 474

BORGWARD
CAW 24164

CY 455

MEELEWING

Dit is al weer 3 maande sedert die vorige nuusbrief verskyn het, en in diè tyd het ‘n klompie van ons lede weer beproewings ervaar met hulle gesondheid. Sommige lede worstel al lank met hulle gesondheid en hulle is voortdurend in ons gebede vir krag, geduld en genesing.

1. Evert Veenstra sukkel al meer as ‘n maand met slym op die bors, wat hoesbuie tot gevolg het. Verder was ons die afgelope paar weke by ‘n dermatoloog, rumatoloog en ‘n opvolgbesoek by die hartspesialis nà die hartaanval in Oktober – gelukkig klop die hart klopdisselboom. Hy verduur ook ontsettende pyn in sy een been en albei voete. Hy gaan ook weer op 13 Maart velkanker onder operasie op sy gesig laat verwyder. Ons vertrou dat dit ‘n geslaagde prosedure sal wees end at hy weer goed sal herstel.
2. Graham Davies het gedurende die feestyd in die Kaap 2 keer geval, en toe nog ‘n keer by sy huis in Jongensfontein. Hy het gelukkig niks gebreek nie, maar hy het spiere ontdek wat hy nie geweet het hy het nie. Mooi loop Graham!
3. Marriana van Doepie het ook geval en moes steke op haar kop kry. Ons is dankbaar dit was nie erger nie.
4. Piet Kotze moet in die laaste week van Februarie ‘n prosedure ondergaan, en dan lê ‘n lang tyd van herstel voor. Sterkte Piet, ons bid vir jou in hierdie tyd.
5. Onse Doepie gaan ook nog deur ‘n moeilike tyd na sy operasie einde Oktober verlede jaar. Hoewel hy wel weer aan die gang is, en gelukkig nie pyn het nie, gaan dit gepaard met ongemak.
6. Hector Horn worstel nou al ‘n geruime tyd met sy gesondheid wat nie na wense is nie en sy bewegings baie beperk. ‘n Mens bewonder sy gesindheid, en die mooi getuienis wat daar van hom uitgaan. Ons dink aan jou Hector, en ook aan Ria, wat jou so mooi versorg.
7. Robert Schepel is al weer hard aan die werk, soos ons hom maar ken, **MAAR** dit gaan gepaard met pyn en hy is aan die einde van die dag ontsettend moeg. Hy gaan in Mei na ‘n pynspesialis vir die regte diagnose voordat hy aan sy rug laat opereer. Robert, ons mis jou en Mary by ons aktiwiteite.

Kees Beekman

Om oor na te dink (17)

1. Om te vergeef is om ‘n gevangene vry te maak en te ontdek dat jý die gevangene was.
2. Ek het geleer dat moed nie die afwesigheid van vrees is nie, maar die oorwinnning daarvan.
3. Sukses is om te struikel van mislukking tot mislukking, sonder om jou entoesiasme te verloor.
4. Ek het die Ontvanger se kantoor besoek. Ek wou ‘n slag die mense sien vir wie ek werk.
5. Om te struikel op “de smalle weg” is minder erg as om te wandel op “de breede weg.”
6. Moenie kla dat roosstruike dorings het nie. Wees bly dat doringstruike rose het.
7. Jy kan nie die leer van sukses klim met jou hande in jou sakke nie.
8. Wie dit nooit probeer nie, kry dit nooit geleer nie.
9. As jou moed in jou skoene sak, trek hulle uit.
10. Liewer ‘n ses sonder stres, as ‘n sewe sonder lewe.

Kees Beekman

Stof tot nadenke

Toe ek onlangs bietjie deur Google wou “blaai”, haak ek vas op die eerste “bladsy”. Die opskrif bo ‘n foto van ‘n skuur vol klassieke karre is: “Son inherits dad’s classic car collection, wants it gone.” Hier volg die berig:

“Collecting classic cars is fun and all, but it’s also a lot of work. Maintaining a massive garage packed with vehicles of various marques and nameplates isn’t easy, and it’s not exactly affordable either. It’s one of the reasons many collections are sold after the owner’s passing.”

Ek dink toe onmiddellik hierdie stof op al die karre is stof vir die nuusbrief omdat dit stof tot nadenke bied— voorwaar ‘n stowwerige besigheid!.

Kees Beekman

Nuusbrief Redaksie:

Kees Beekman (082 579 0527) – beekman@cosmoprop.co.za
Louis v Jaarsveld (083 687 8486 – Lvjaarsveld@mweb.co.za